

# Jy leef ewig – jy sien jou eindbestemming



**Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-10**

**Fokusgedeelte: Openbaring 5:8**

Dink net hoe sou dit voel as jy na 'n spogonthaal genooi is en jy kom voor 'n toe deur en daar is niemand om dit oop te maak nie. Hoe groot sal die teleurstelling nie wees nie!

Dit is die teleurstelling van Johannes – as't ware 'n deur met sewe slotte, sonder enige sleutel. Dit sou jou teleurstelling gewees het sonder Jesus wat waardig was. Waardig: die vernedering van geboorte, verwerping, verkleining, spot, dood en graf. Hy kon uit die dood opstaan en na die hemel opvaar, want Hy was dit werd. Nou jou troos: Hy het dit nie vir Homself gedoen nie, maar vir jou!

Wat moet jou reaksie wees? Kyk na ons fokusvers! 24 ouderlinge (12 stamme – simbolies van die Ou-Testamentiese kerk, plus 12 apostels, simbolies van die Nuwe-Testamentiese kerk) aanbid Hom – Lam en

Leeu. Lam geslag, Leeu oorwin. Vir jou. Hulle sing van vreugde en eerbied. Daarmee saam elke gebed van jou waarin jy die Here vir sy weldade aan jou loof en dank.

Jy kan dit sien – geen toe deur nie. Vir jou is dit oopgesluit. Geen teleurstelling nie.

Nou kan jy weet dat jy vir die res van jou lewe hierdie sekerheid kan leef – in diens van die Here. Jy het ook die voorreg om ander te wys hoe om as kind van die enige ware God te leef.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E20